


**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:



*Ria Steyn Santos Haven, Hannes Theron Edgar Furness, Pieter Kempen Boggomsbaai, Madelein van Eeden Vleesbaai, Billy Alberts Protea aftree-oord, Francois du Toit 21ste Laan, Johan Meyer 12de Laan, Dreas du Plessis Hoogstr.*



# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 25 JUNIE 2017**

*"Omdat hy My liefhet, sal Ek hom red," sê die Here, "omdat hy My ken, sal Ek hom beskerm. Wanneer hy My aanroep, sal Ek sy gebed verhoor; in sy nood sal Ek by hom wees, Ek sal hom red en hom in sy eer herstel". (Psalm 91:14-15)*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir die Jan Kriel Instituut.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 ontmoet oom Johan by die saal na die diens. Gr 9 vergader nie. Gr 10-11 soos deur ds André en ds Robert gereël.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** Om 09:00 in die kerk (ds Danie) en 09:30 op Vleesbaai (ds André).

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir die Bediening aan die Dowes.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Geen - skoolvakansie.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.



Ds Danie: Maandag 15:00 in Santos 2 sitkamer.
Dinsdag 09:30 in die konsistorie.
Ds André: Dinsdag om 09:30 Bybelstudie in die saal.
Ds Robert: Dinsdag om 09:00 Bybelstudie te 17de Laan pastorie en om 19:00 Tienie Bothastr. Boekleesgroep 19:00 te 17de Laan 18.

**Dinsdag**: Saambid geleentheid om 17:15 in die konsistorie. Almal welkom.

**Woensdag**: Geen Santos Haven biduur agv jaarvergadering.

**Donderdag**: Om 06:00 bid die manne saam in die kerksaal (onder verhoog). Kerkraadsvergadering om 18:00 in die kerksaal.

***Onthou ons gemeente se webblad is: www.suidkerkmsb.co.za***

## BANKBESONDERHEDE

**Dankoffers**: *Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
**Geloofsoffers**: *Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Gemeente Hulpfonds was R1885-80.

**KOSKAS:** Julie is **Streek A** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontant-bydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Navrae Joey (073 2988 142).

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die saal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.

**HERBERG KINDERHUIS:** Ons beplan om na die skoolvakansie in Julie weer ´n pakkie na die Kinderhuis te neem. Die volgende word o.a. benodig:
Skoonmaakmiddels (Poeierseep, "handy andy", skottelgoedseep, vadoeke).
Toiletware (Shampoe, toiletseep, handeroom, waslappies).
Koekies, lekkers en beskuit.
Toebroodjiesmere (Marmite, grondboonbotter, konfyt, stroop, ens).
Blikkies vleis, vis en tuna.
Weense worsie, polonie en kaas.
Grondbone en rosyne wat in kosblikke kan kom.
Kontant ook welkom, dan koop ons aan wat ons nie ontvang het nie.
Daar is slegs 15 dogters in Huis C van Laerskool ouderdom. Handig asseblief in voor of op 26 Julie in by kerkantoor. As u van ´n geleentheid weet na Robertson, kontak ons asseblief.
Navrae: Joey de Jager 073 2988142 of 044 6910116



**NUWE LIDMATE:** Jan-Karel Steyn, Leandré, Mia (doop) en Mikayla (doop) Island View vanaf Hervormde Kerk Christiana; Andries B Fouché en Yolanda Village on Sea vanaf Pietersburg; Daniël N Nel en Ronelle Gholflandgoed vanaf Brandfort-Oos. Hartlik welkom!

**BENODIG:** Leë planthouertjies, enige grootte, wat ons kan gebruik om vetplantjies, ens in te plant vir verkoop by die Basaar.




**DROë VRUGTE TE KOOP**

Geskilde perskes: R85 p/kg
R45 p/500g
Ongeskilde perskes: R65 p/kg
R35 p/500g
Pruime: R65 p/kg
R35 p/500g
Pekanneute (nog in dop): R120/kg

As u nie in kantoorure kan koop nie, skakel asb vir ds Robert by 044-6912244.



# GEBEDSBULLETIN

***Tema vir Junie: Jeug***

"Here, hierdie week DANK ons U vir:"

* Die wintervakansie en wegbreekgeleentheid vir sommiges.
* Jongmense wat positief is en 'n bydrae tot die land wil lewer.
* Beperkte skade in Mosselbaai tydens die storms en brande.
* (On-)gelooflike hulpverlening in Knysna.
* Die vrug van die Hervorming (Reformasie) 500 jaar gelede - dat ons VREUGDEVOL VRY kan leef.

"Here, hierdie week BID ons tot U en vra:

* Vir Jan Kriel se kinders - hulle beskik oor die nodige verstandelike vermoëns en volg die Nasionale Kurrikulum van graad R-12. Hulle het egter spesiale onderwysbehoeftes (oa weens disleksie, epilepsie, ADHD, ens). Daarom is klasse klein en is onderrig duur. Terapie vind tydens skoolure plaas deur 'n multi-professionele span (onderwysers, klashulpe, sielkundiges, arbeidsterapeute, spraakterapeute, fisioterapeute, 'n Maatskaplike werker, Professionele Verpleegkundiges, 'n EEG tegnoloog, 'n besoekende Mediese Praktisyn en Koshuispersoneel).
* Vir herlewing in die gemeente. "Jy hoef nooit 'n brand te adverteer nie. Almal kom aangehardloop wanneer daar 'n brand is. Dieselfde geld vir jou kerk. As dit aan die brand is, sal jy dit nie hoef te adverteer nie. Die gemeenskap sal dit weet. – Leonard Ravenhill"
* Vir jong ouers om rolmodelle vir hulle kinders te wees.
* Vir onderwysers om rolmodelle vir die jeug te wees.
* Vir skoliere en studente wat eksamen skryf en vir 'n toekomsverwagting. Bid dat hulle HOOP sal hê vir die lewe.
* Vir die uitreik na Malawi wat Vrydag begin (reis, verblyf, grensposte).
* Vir Moslems tydens Ramadan. (27 Mei - 25 Junie 2017), Boko Haram - Nigerië. Die naam Boko Haram beteken "Westerse opvoeding is sondig" en die groep verbied enige aktiwiteit wat met die Westerse samelewing verband hou.
* Vir Sirië waar kos as 'n oorlogswapen gebruik word. Magte aan alle kante keer dat hulp deur die blokkades breek na dorpe in Sirië. Vra dat hierdie vernietigende invloed gestop sal word. Bid vir voldoende voorsiening in basiese middele vir diegene in nood.
* Reën sodat die Weskaap se damme kan vol word.
* Vir emosionele en fisiese herstel vir mense wat deur die brande en storms geraak is.

